The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 4 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.


| Publication | | |
| --- | --- | --- |
| DIE BURGER | | |
| Page | Date | AVE (ZAR) |
| 3 | Wed 19 June 2019 | 14745.55 |




# Onnie en leerlinge vier al dansend skoolkwartaal se einde

**Ané van Zyl**

’n Video van 14 leerlinge van die Laerskool Vryburg en hul onderwyser wat op die skool se trappe dans op die laaste dag van die kwartaal het honderdduisende sosialemediagebruikers laat lag en lekkerkry.

Die video is al meer as 530 000 keer gekyk en meer as 10 000 keer gedeel.

Mense wat dit gesien het, wens alle onderwysers wil soos die een in die video wees.

Ammiël Smith (27), ’n sportonderwyser wat al voorheen in die nuus was toe hy op straat met sy plakkaat na sy droomvrou gesoek het, sê hy dans gereeld in hul praktiese periodes saam met die leerlinge en hy het op dié manier die passies aangeleer.



**Ammiël Smith toe hy by NWU-Pukke gegradueer het.**

“Ek dink dit is baie belangrik dat ons ons verskille vier.

“Die kinders geniet dit so om te dans en ek dink dit is ’n positiewe manier om hulself te geniet,” sê Smith.

“Die video is op die laaste dag van die kwartaal geneem en almal was so opgewonde om vakansie te hou. Ek het my luidspreker aangesit en ons het begin dans. Hulle het ook baie van die liedjie gehou.”

Smith sê toe die video op die televisienuus beland, het die kinders soos bekendes begin voel.

“Hulle het die nuus by mekaar se huise gaan kyk en video’s daarvan op WhatsApp gedeel.

“Hulle was so bly daaroor.

“Ek hoop net nie hulle het grootkop gekry as ons teruggaan skool toe nie,” skerts Smith.

Die seun wat tydens die video uit die vullisdrom spring en sy arms swaai het nie die beste ritme nie, sê Smith.



**’n Skermgreep van die video wat op sosiale media geplaas is.**

“Sy bene en arms het nie so lekker saamgewerk nie. Toe verbloem ons maar die onderlyf,” sê hy laggend.

Van die ander leerlinge in die video se danspassies het egter uitgestaan omdat dit so goed is – veral dié van die donkerkopmeisie heel links.

Op Facebook het sommige mense gesê sy is “ ’n nuwe” Nicki Minaj (’n Amerikaanse sangeres).

Smith werk al twee jaar by die skool, waar hy ook atletiek afrig. Al het hy aanvanklik bemarking in Potchefstroom studeer, het hy gedurende ’n uitreik na Indië besluit hy wil ’n onderwyser word.

“Ek het besef dat baie kinders net raakgesien wil word,” sê hy.

“Daar is so baie negatiewe dinge in die wêreld, ek dink iets is beslis nodig om ’n bietjie positiwiteit in hul lewe te bring.”

Smith was self ’n leerling aan dié laerskool, wat in sy kinderdae bekend gestaan het as die Laerskool Stellaland.

“My onderwysers het natuurlik nie so met my gedans nie,” sê Smith.

Die byskrif van die video op Facebook was in drie tale: “Mooi loop! Take care! Tsmaya sentle!” Die Laerskool Vryburg is ’n dubbelmediumskool, waar baie van die leerlinge Tswana as huistaal praat.

Smith het in 2015 opslae gemaak toe hy op ’n straathoek vir sy droomvrou gaan staan en “bedel” het.

Op die plakkaat wat hy vasgehou het, het gestaan: “Opsoek (sic) na my trouvrou. Geen ou tannies of kansvatters.”

Oor of hy toe sy trouvrou gevind het, wil hy egter nie ’n woord rep nie.